# Vra die regte vrae vir 2026

## Waar is die nege?

Koos van der Merwe | Eden Gemeente | 4 Januarie 2026

Die eerste Sondag van 2026!

Aan die begin van elke jaar het ek die begeerte om 'n seën oor ons gemeente uit te spreek, en hierdie jaar se seën spruit voort uit ons heel eerste Skriflesing vir die jaar, waaroor ek later in die diens gaan praat.

**Lukas 17:11-19**

11EN op sy reis na Jerusalem het Hy deur Samaría en Galiléa gegaan.

12En toe Hy in 'n sekere dorp ingaan, kom tien melaatse manne Hom tegemoet, wat op 'n afstand bly staan het.

13En hulle het hul stem verhef en gesê: Jesus, Meester, wees ons barmhartig!

14En toe Hy hulle sien, sê Hy vir hulle: Gaan vertoon julle aan die priesters. En onderwyl hulle weggaan, het hulle rein geword.

15En een van hulle, toe hy sien dat hy gesond was, het omgedraai en God met 'n groot stem verheerlik.

16En hy het op sy aangesig neergeval by sy voete en Hom gedank. En hy was 'n Samaritaan.

17Toe antwoord Jesus en sê: Het tien nie rein geword nie? En waar is die nege?

18Was daar niemand onder hulle te vinde wat omgedraai het om God te verheerlik behalwe hierdie vreemdeling nie?

19En Hy sê vir hom: Staan op en gaan; jou geloof het jou gered.

En so wil ek jou dan seën...

**Seën vir 2026**

Mag jy in hierdie jaar die smal weg kies na die voete van die Here. Mag jy stroom-op swem na die bron van die stroom van lewende water. Mag jy die pad van die minderheid kies, nie die pad van die meerderheid nie. Mag jy, soos die een melaatse wat genees is, weer en weer die heilige omdraai na Jesus toe kies. Mag jy telkens vanaf 'n plek van neerkniel sy stem te hoor: "Staan op en gaan; jou geloof het jou heel gemaak."

Kom ons begin om soos heride een melaatse die Here te prys

## Vra die Regte Vrae vir 2026

## Waar is die nege? Die tragedie van die selektiewe soewereiniteit

### Die geraas van Nuwejaar

Altyd met die oorgang na ’n nuwe jaar, en ook met oorgangstye, soos my verjaarsdag, of oorgange in een van ons kinders of kleinkinders se lewe, beleef ek natuurlik dankbaarheid, en hoop, maar in ’n mate ook redelike innerlike geraas. Die besef van tyd wat verbysnel. Die besef, nog ’n jaar is verby, en die skaamte, soms selfs moedeloosheid, wanneer ek dink aan die tekortkominge, verspilde kanse… in ’n jaar wat nooit weer sal wees nie. Daar is die geraas van verwagtinge, van nuwe voornemens, en van daardie subtiele druk om jouself weer van voor af uit te dink.

Maar het ’n groot deel van innerlike geraas nie dikwels te doen met ons eie behoeftes nie? En natuurlik nooi die Skrif ons om op God te vertrou in ons behoeftigheid, ons nood, ons pyn en verlies.

Maar juis hier skuil ’n gevaar, die gevaar wanneer ons verhouding met God grootliks te doen het met ons hoop dat Hy ons sal help in ons krisisse en behoeftes. Die neiging om God te hanteer byna soos Aladdin se towergees in ’n fles. Ons vryf die fles slegs wanneer die krisis toeslaan.

’n Mens is dikwels soos die nege melaatses in die verhaal wat ons gelees het. Wanneer die ‘melaatsheid’ van die lewe—daardie dinge wat ons isoleer, wat ons vreet, wat ons toekoms bedreig—ons pad langs kom, dan roep ons soos die tien melaatses met alles wat binne ons is. God moet die pyn wegneem, die pad gelyk maak.

Maar sodra die melaatse vel beter lyk, sodra die bankbalans stabiliseer, sodra die krisis in die truspieël verdwyn… dan kurk ons die fles toe en bêre ons God weer op die rak saam met ons ander polisse.

Alle mense neig om ’n God te wil hê wat probleme kan regmaak, maar nie ’n God wat ’n mens se lewe wil regeer nie. Wonderwerke is welkom, maar die Wonderwerker self? nie regtig nie. Alle mense soos die nege melaatses om te hoop op God se ingrypende mag oor krisisse, maar nie ruimte te hê vir sy gesag oor ’n mens se wese nie. Die tragedie van die selektiewe soewereiniteit…

Anatole France (Anat**ol** Frans) het eenkeer geskryf:

"Alle veranderinge, selfs dié waarna ons die meeste verlang, het hul eie melancholie; want wat ons agterlaat, is ’n deel van onsself; ons moet sterf vir een lewe voordat ons ’n ander kan binnegaan." (Anatole France)

Miskien is dit waarom die nege melaatses nie teruggekom het nie. Hulle was so gretig vir die

nuwe lewe van gesondheid dat hulle die Een wat hulle die lewe gegee het, agtergelaat het.

Vandag vra Jesus ’n vraag wat hierdie, kom ons noem dit: *verbruikersgeloof*, tot in sy fondamente skud: "Het tien nie rein geword nie? En waar is die nege?”

Kom ons laat toe dat die verhaal van die nege en die een met ons harte praat.

Wat sien ons in die verhaal?

- **Ons Almal Roep na God in die Pyn van die Lewe**

Wanneer hierdie tien melaatses uitroep, doen hulle dit vanuit ’n plek van die mees ondenkbare pyn, lyding, uiterste isolasie... Melaatsheid was nie net ’n siekte nie; dit was ’n sosiale en godsdienstige doodsvonnis. Jy moes buite die dorp of stad bly, en selfs dan, as mense nader kom moes jy, nooit nader as ’n honderd tree van gesonde mense af nie.

**Levitikus 13:45**

(Daar) moet in die klere van die melaatse op wie die plaag is, skeure wees, en sy hare moet los hang; ook moet hy sy baard bedek en roep: Onrein, onrein!

Jy was dood terwyl jy gelewe het. En vanuit daardie donkerte roep hulle: "Jesus, Meester, wees ons barmhartig!”

In die Hebreeus of Aramees van daardie tyd sou hulle Jesus aangespreek het as...

Rabbi (רַבִּי): wat letterlik beteken... my Grote

Dit was ’n titel van respek, van iemand wat groot invloed het, iemand wat die wysheid en gesag het om rigting te gee. Maar Lukas, as geneesheer en historikus, kies ’n baie spesifieke Griekse woord om hierdie roepstem van die melaatses, Rabbi! te vertaal:

epistates (ἐπιστάτης): Hierdie woord is uniek aan Lukas. Dit kom van epi (oor) en histemi (staan). Letterlik: Die een wat bo-oor die situasie staan.

Dit was die titel vir mense van groot gesag, soos ’n bevelvoerder van ’n leër, ’n kaptein van ’n skip, of ’n hoof van ’n groot projek.

Wanneer die melaatses roep: "Jesus, Rabbi!”, en Lukas dit met “Jesus Epistates” vertaal, wil hy hê vir sy lesers iets sê oor wie hierdie Rabbi werklik is, en dat die melaatses dit geglo het: Hier ismeer aas ’n gewone Rabbi, ’n gewone leermeester, hier is ’n Bevelvoerder wat mag het oor die melaatsheid wat hulle liggame opvreet. Hulle glo dat Hy die Een is wat bo-oor hulle hopelose situasie staan.

Maar hier is die tragiese: Vir nege van hierdie manne was dit waar hulle erkenning van Jesus opgehou het. Hulle het Hom gesien as die Een wat die pyn en ongemak kon oplos. Hulle het sy gesag oor die siekte in hulle liggaam aanvaar, maar hulle het geen begeerte getoon om sy gesag oor hulle siel te aanvaar nie. Hulle wou die Bevelvoerder se ingryping hê vir die oorlog teen hulle siekte, maar hulle wou nie die Bevelvoerder se ingryping oor die res van hulle lewens hê nie.

Die meeste mense sal dit waag om in hulle krisis bid: *"Here, staan asseblief bo-oor hierdie krisis. Wees die Epistates van my gesondheid of my finansies."*

Maar die minderheid vra die Hom om die Epistates van hulle hele lewe te wees. Wanneer dit kom by 'n lewe van ware oorgawe, diep toewyding, nederige soeke, groei, volharding, vrygewigheid, onselfsugtige liefde, dan wil ek nie hê Hy moet "bo-oor" my staan nie. Dan wil ék die bevelvoerder van my eie klein koninkryk wees.

Is dit nie die groot versoeking van die lewe nie? Om jou tot God te wend vir die groot krisisse van die lewe, maar nie vir die lewe self nie: die pad van oorgawe, toewyding, gehoorsaamheid... Om te roep na die "Groot Een" wanneer jy sink, maar nie wanneer jy seil nie. Om te vra vir sy *dienste*, maar nie sy Heer-skap en *vriendskap* nie.

Lukas gebruik hierdie woord (epistates (ἐπιστάτης): *die een wat bo-oor die situasie staan*, ook in 'n verhaal in Petrus se lewe, toe hy en sy makkers 'n nag lank visgevang het en niks gekry het nie. Weer vertaal Lukas 'Rabbi' met 'Epistates'...

**Lukas 5:5**

Meester (Epistates), ons het die hele nag deur hard gewerk en niks gevang nie...

Lukas wil sê dat Petrus daardie dag Jesus se gesag oor selfs visse in die meer erken het. Maar Petrus was van 'n ander stofasie as die nege.

Kyk wat sê Hy nadat die wonderwerk gebeur het. Petrus se binneste word verruim. Sy woordeskat groei...

**Lukas 5:8**

En toe Simon Petrus dit sien, val hy neer aan die knieë van Jesus en sê: Gaan weg van my, Here, (Kyrios) want ek is 'n sondige man!

Petrus het beweeg vanaf om Jesus se mag oor sy omstandighede te erken, na om Jesus se Heer-skap oor sy hele wese te erken. Die nege melaatses het nooit daardie skuif gemaak nie. Hulle was tevrede met die skoon vel, of 'n net vol visse; hulle het nie na 'n verhouding met die Here self gesoek nie. Hulle het Jesus gesien as die een wat die onmiddellike nood kon oplos, maar hulle het geen begeerte getoon om Hom te ken en te dien nie. In 'n sin het hulle Hom nie waarlik erken as die Een met al die Raad (wysheid) waarop hulle hulle lewens moet bou nie.

Die verhaal gaan oor hierdie groot verskil tussen die...

## Die nege en die een - die meerderheid en die minderheid

Jesus vra: "Waar is die nege?" Hierdie vraag is nie bloot nuuskierigheid nie; dit is 'n onthulling van die menslike natuur. Die nege verteenwoordig die meerderheid, die breë stroom van die mensdom wat die voordele van God se algemene genade geniet—die lug in hulle longe, die vrugte van die aarde, die herstel van siekte—maar wat nooit die Gewer van daardie geskenke ten diepste erken nie.

O die tragiek van 'n lewe in die stroom van die meerderheid...

Ek is seker jy ken die groot figure in die Bybel. Ek dink byvoorbeeld aan die geweldig nalatenskap, die lesse in die lewe van Gáddiël, die seun van Sodi. Elke Sondagskoolkind sal dit kan vertel. Ek hoef dit nie hier te noem nie, jy ken dit tog sekerlik... En natuurlik die verhaal van Ammíël, die seun van Gemálli, 'n mens kan dit net nooit vergeet nie... Ek is seker Ammíël se verhaal is vir jou ook een van die bekendstes en belangrikstes... en natuurlik Safat, die seun van Hori, en Géhuel, die seun van Magi... En so kan ek aangaan. Hulle is tog ongetwyfeld ook van jou gunsteling figure in die hele Bybel?

Natuurlik nie... Ek glo nie enige persoon weet van wie ek nou gepraat het nie.

Onthou jy die verhaal van die twaalf verspieders in Númeri 13. Ons almal onthou Kaleb en Josua. Maar niemand onthou die name van Gáddiël, die seun van Sodi, of Ammíël, die seun van Gemálli, of enige van tien van die verspieders nie? En tog was hierdie manne almal leiers. Hulle was owerstes van hulle stamme. Hulle het dieselfde land gesien as die twee ander van die twaalf verspieders, Kaleb en Josua. Hulle het dieselfde druiwetrosse gedra. Maar hulle name is vandag niks meer as stowwerige voetnotas nie. Waarom? Omdat hulle die pad van die meerderheid gekies het. Hulle het gefokus op die reuse en God uit die vergelyking gelaat.

Die nege melaatses is die Gáddiëls van die Nuwe Testament. Hulle was tevrede om saam met die stroom van die "geneesdes" te vloei. Hulle het gekry wat hulle wou hê en toe het hulle verdwyn in die massas. Hulle stories het nêrens heen gegaan nie, want 'n lewe in die breë stroom van die meerderheid sal nooit 'n lewe wees wat die moeite werd is om te onthou nie.

Die nege melaatses het toegegee aan die gravitasie van die "normale" lewe. Dit is "normaal" om gesond te word en aan te gaan met jou besigheid. Dit is "normaal" om God te vergeet sodra die pyn weg is.

Maar die groot lewe wat God vir jou wil gee, is altyd 'n lewe op die smal weg van die minderheid. Dit is die weg van die een wat omdraai. Wat 'n lewe van aanhoudende omdraai kies... Ja, *kíés*...

Die verhaal bring ons te staan voor die verbysterende realiteit van...

## Die Vrye Wil

Jesus vra: "Waar is die nege?" Wanneer ek hierdie vraag hoor, hoor ek nie die stem van 'n kwaai regter wat 'n punt wil bewys nie. Ek hoor die hartseer van 'n God wat die mens se vrye wil so ontsaglik respekteer dat Hy ons toelaat om van Hom af weg te stap—selfs nadat Hy ons geseën het.

Ek glo nie dat God in sy soewereine plan dit vooraf so bepaal het dat daardie nege mans moes wegbly nie. As ons dit glo, maak ons van God die booswig van sy eie storie. Dan is Jesus se vraag nie 'n opregte vraag vol hartseer nie, maar bloot 'n siniese opmerking oor 'n draaiboek wat Hy self geskryf het. Maar die hart van die Evangelie sê iets anders. Dit sê dat God die wêreld so liefgehad het dat Hy sy Seun gegee het sodat ***elkeen*** wat glo, die ewige lewe kan hê. Die uitnodiging is universeel. Elkeen van daardie ander nege kon teruggedraai het.

Vrye wil is een van God se mees gevaarlike en kosbare geskenke. Dit is die vermoë om "Nee" te sê vir die Bron van die lewe. Die tien melaatses het almal dieselfde uitnodiging gekry. Al tien is genees terwyl hulle nog op pad was na die priesters toe. Hulle het almal die krag van die Rabbi, die Epistates, ervaar. Maar nege het hulle vrye wil gebruik om na hulleself toe terug te draai, terwyl net een sy vrye wil gebruik het om na God toe terug te draai.

Dit is die groot hartseer in die hart van God: dat Hy sy arms wyd oopmaak vir die hele wêreld, maar dat die meerderheid sy seëninge wil hê, maar 'n onafhanklike lewe kies.

Ons kom by die hart van sonde: sonde is nie net om slegte dinge te doen nie, maar om jou eie "Meester" te wil wees, buiten wanneer jy in krisisse na God. Die nege melaatses het Jesus gebruik as 'n instrument om hulle lewens weer "normaal" te kry, sodat hulle weer onafhanklik van Hom kon funksioneer.

Hulle het die magtige jin uit die bottel te gelaat toe sy dienste benodig is, maar sodra Hy sy werk gedoen het, was daar geen behoefte om verder met Hom te doen te hê nie. 'n Selektiewe respek vir God se soewereine mag, om sy soewereine mag oor ons probleme te erken, maar nie sy soewereiniteit oor ons besluite, planne en lewenswyse nie.

En dis…

## Die ware krisis

…die kern van die saak. Die nege melaatses het gekry wat hulle gevra het. Hulle was "gereinig" (katharizo). Hulle kon weer hulle vriende in die oë kyk. Hulle kon weer hulle plekke in die samelewing inneem. Maar was hulle waarlik gesond?

Daar is 'n geweldige verskil tussen uiterlike reiniging en innerlike heelwording. Vir die nege was hulle grootste probleem hulle vel, hulle liggaam. Hulle wou skoon wees sodat hulle weer kon gaan kuier of sake doen. Maar wat help dit jou vel is skoon, maar jou siel is nog steeds melaats

van selfsug? Wat help dit die krisis is verby, maar die dieper krisis van die mens—die vervreemding van God—is nog steeds daar?

Die een melaatse wat teruggekom het, het besef dat sy dieper probleem nie sy vel was nie, maar sy verhouding met God. Kyk wat sê Jesus vir hom in vers 19: "Staan op en gaan; jou geloof het jou gered."

**katharizo en sozo**

In die oorspronklike Grieks is die woord vir "gered" hier sozo. Dit beteken meer as net "genees." Dit beteken om "heel gemaak" te word. Dit beteken redding in die volste sin van die woord—gees, siel en liggaam. Die nege was aan die buitekant skoon (katharizo), maar net die een was aan die binnekant heel. Die nege was tevrede met die "fix," maar die een het die "Saligmaker" gevind.

'n Mens is van nature behep met uiterlike welstand. Gesondheid, sukses, pret. opwinding, ekstase...

En natuurlik, in die verhaal van die melaatses, is God die God van onmiddelike menslike behoeftes... Maar die een geneesde kom na Jesus toe, nie net vir gesondheid en uiterlike geluk nie, hy wil Jesus waarlik as Rabbi ken. Wat Hom moet wys hoe om God te dien. Sy behoefte is nie net na 'n pleister vir die pyn nie, maar na 'n geneesheer vir sy siel... redding, sozo. Hy wil die Meester van beide katharizo en sozo ken.

Dis hoekom hy omgedraai het...

**Lukas 17:15-16**

15En een van hulle, toe hy sien dat hy gesond was, het omgedraai en God met 'n groot stem verheerlik.

16En hy het op sy aangesig neergeval by sy voete en Hom gedank.

**Die Heilige Omdraai**

Hoe lyk die kuns van omdraai?

Vir die geneesde Samritaan was dit 'n daad van die wil. Daar sou sekerlik eers 'n gesprek met die ander nege wees. Hulle was tog 'n groep melaatses wat lank saam was. Selfs al wou die res nie, het hy 'n besluit gemaak. Die besluit van die minderheid...

En hy was 'n mens. Hierdie besluit, was teen sy eie menslike natuur. Die begeerte om aan te gaan met jou eie lewe. So is elkeen van ons. Voor elke stilword in die oggend is daar 'n stuk meerderheidstem in my wat net wil aangaan met my dag, my lewe. Die pad van die 'nege'.

Maar die heilige omdraai van die 'een' vra elke dag weer 'n keuse teen die meerderheid om my en in my....

En so, aan die begin van die jaar nooi hierdie Samaritaan en sy Redder voor wie se voete hy neergeval het jou om besluite te maak...

Iets gebeur met 'n mens se lewe as jy glo wat Jesus sê oor hierdie een groot besluit van die Samaritaan...

**Lukas 17:19**

En Hy sê vir hom: Staan op en gaan; jou geloof het jou gered.

Redding, die ingrypende werk van God in jou eie wese, jou verhoudings, jou verslawings, jou motiewe, jou pyn en verlies, jou bitterheid en ontnugtering, kom altyd wanneer jy die besluit van die minderheid maak, die besluit vir heilige omdraai maak. "Here, ek moet by u voete kom buig..."

Dis my eie begeerte vir die jaar wat wag. 'n Dieper begeerte om om te draai. 'n Omdraai na neerbuig, ontmoeting, weer en weer...

"The stiff and wooden quality about our religious lives is a result of our lack of holy desire. Complacency is a deadly foe of all spiritual growth." (A.W. Tozer)

Ek wil nie tevrede wees met 'n gerieflike godsdiens nie. Ek wil saam met die Samaritaan soek na die dieper lewe. Soek na die ware heelwording wat net kom wanneer ek by die voete van Jesus neerval.

Daardie een melaatse wat teruggekom het, het besef dat hy Jesus nie net nodig gehad het vir daardie oomblik van genesing nie, maar vir elke oomblik van sy toekoms.

Daar is 'n antieke gebed, bekend as die Lorica (of die borsplaat) van St. Patrick. Dit is 'n gebed van iemand wat besef het dat Jesus die Bevelvoerder is wat nie net bo-oor ons situasies staan nie, maar oorals om ons is. Dit is die gebed van iemand wat omgedraai het en gevind het dat Jesus die middelpunt van alles is.

**Patrick se gebed, die Lorica**

"Christus met my, Christus voor my, Christus agter my,

Christus binne-in my, Christus onder my, Christus bo my,

Christus aan my regterkant, Christus aan my linkerkant..."

Ek weet nie van jou nie, maar ek wil hierdie jaar daarna streef om te leef in die bewussyn van

sy teenwoordigheid. Ek wil die kuns van die heilige omdraai aanleer. Ek wil die "vreemdeling" wees wat stop en met ’n groot stem God verheerlik.

Gáddiël of Ammíël, niemand onthou hulle nie. Nes die naamlose meerderheid, die nege wat God se seëninge verteer en dan vergeet.

Maar daar is ’n minderheid, en hoe graag wil ek nie een van die minderheid wees nie. Om te hoor as Hy vir my telkens wanneer ek op my paaie van verlorenheid omdraai na Hom, vir my sê: "Staan op en gaan; jou geloof het jou heel gemaak."

Mag 2026 vir jou die jaar wees van die groot omdraai. Mag jy ontdek dat die Bevelvoerder van die krisis ook die Minnaar van jou siel is.